**12 April**

**Skrifgedeelte: Numeri 13:30-33; 14:26-38**
**Fokusgedeelte: Numeri 14:36-37**

## Neem verantwoordelikheid vir jou woorde

Om iemand negatief te maak, is maklik, maar om die persoon weer positief te kry, verg moeite. Sommige besighede spandeer duisende rande jaarliks aan motiveringsprekers om hulle werknemers gemotiveerd en positief te hou. Dit vat egter net een slegte storie en alles val weer plat!

Daarom waarsku Jakobus: "So is die tong 'n klein liggamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek" (Jak. 3:5). Negatiewe woorde het meestal 'n groot gevolg. Dit kry stertjies by en word moeilik gekeer. Dit maak ons negatief sodat ons die goeie vergeet.

Wanneer die verkenners verslag doen oor Kanaän, begin dit met lof: "Dit loop oor van melk en heuning ..." (Gen. 13:27). Maar vir tien van hulle het vrees die verslag gou laat verander: "Die land ... is 'n land wat die lewe vir sy inwoners onmoontlik maak ..." Hulle negatiewe gerugte veroorsaak gou vrees en opstand teen God. Waar die volk God se beloftes moes sien en van sy genade moes hoor, sien hulle nou net probleme. En die tien verkenners se straf? Hulle word net daar deur 'n plaag getref en sterf. Die Here se oordeel begin met hulle, omdat hulle vir die volk se opstand verantwoordelik was. Die straf gaan verder onder die ongehoorsame volk wat geluister het en begin twyfel. Almal bo 20 jaar sal in die woestyn sterf!

Saam met die straf lees ons egter ook van lewe. Omdat Kaleb en Josua deur hulle geloof aan God se belofte vashou, kon hulle van verlossing en oorwinning getuig! Hulle verkondig God se genade en ontvang sy seën. Hulle sal bly leef en die beloofde land sien!

Hoe getuig ons oor die hemelse Kanaän wat voor ons lê? Sien ons net die swaarkry en ontberings wat die geloof bring en versprei daarom 'n negatiewe gerug oor Christenskap? Of getuig ons van God se beloftes en die oorwinning wat ons in Christus het? Onthou, God eis rekenskap oor hoe ons getuig. Sien alles raak wat die Here vir u gee! Getuig van die verlossing wat Christus reeds bewerk het om die hemelse koninkryk vir ons oop te sluit sodat ons ewig by God kan wees. Onthou, "die tong het mag oor dood en lewe" (Spr. 18:21). Getuig oor die goeie boodskap wat in u hart brand!

*Sing: Psalm 40:2, 5 (1936)*

*Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg-Suid)*